# Ingenieurs weer op pad na Antarktika

**Charné Kemp**

Vier ingenieurstudente aan die Universiteit Stellenbosch (US) en 25 navorsers van die Universiteit van Kaapstad (UK) is onder diegene wat Maandag van Kaapstad na die poolstreek vertrek het om navorsing van Suid-Afrika se poolnavorsingskip, die SA Agulhas II, voort te sit.

Die vier ingenieurstudente is sedert die ingebruikneming van die SA Agulhas II in 2012 betrokke by navorsing oor die skip self.

Armand van Zuydam van Oos-Londen, Nicole Taylor van Stellenbosch, Martinique Engelbrecht van Concordia in die Noord-Kaap en Jesslyn Bossau van Windhoek in Namibië gaan vanjaar hul navorsing op die drie weke lange reis voortsit.

Hulle doen hul meestersgraadstudie in meganiese of megatroniese ingenieurswese, sê Martin Viljoen, US-woordvoerder, in 'n verklaring.

Viljoen sê hul doelwit is om vas te stel hoe die staalstruktuur van die skip SA Agulhas II reageer as dit deur golwe getref word terwyl dit na die ysige poolstreek vaar. Hulle kyk ook hoe die ys en water waardeur die skip suidwaarts beur, moontlik die vaartuig se skagte en skeepskroewe kan verwring.

Die reis lê Taylor baie na aan die hart omdat haar oupa, Constant McLachlan, 'n gereelde passasier aan boord




**Die vier ingenieurstudente van die Universiteit Stellenbosch wat navorsing oor die SA Agulhas II sal doen, is Armand van Zuydam, Jesslyn Bossau, Nicole Taylor en Martinique Engelbrecht.**

van die SA Agulhas II se voorganger (SA Agulhas I) was toe hy instandhoudings- en konstruksiewerk op Suid-Afrikaanse navorsingseilande en Antarktika gaan doen het.

Luidens 'n verklaring van die UK is die ekspedisie deel van 'n groter projek wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Arktiese Projek (Scale) geborg word. "Die oogmerk is om die ys in wintertoestande te bestudeer omdat daar min daaroor bekend is," lui die verklaring.

"Die projek het ontstaan nadat navorsers in 2016 ingrypende veranderinge gesien het toe die ys in 'n maand drasties vinnig gesmelt het. Gewoonlik smelt die ys in Antarktika oor drie of vier maande. Teen Desember 2016 was die yslaag op 'n rekordlaagte."

Engelbrecht, 'n lid van die Maties se vrouekrieketspan, hoop daar sal 'n tydjie wees om die sport aan boord te speel. "Hopelik sal ek een van die min mense wees wat kan sê dat hulle al krieket in die middel van die Suidelike Oseaan gespeel het!" sê sy.